**27 Mei** **Skrifgedeelte: Psalm 34**

## Jy is verlos tot voordeel van alle mense

Jy is verlos en dit bring vir jou groot blydskap. Jy is egter ook verlos tot voordeel van jou medegelowiges en ander mense.

In doodsgevaar het Dawid tot die Here geroep, Hy het gehoor en hom uit hierdie gevare gered. Daarom sal hy die Here altyd prys, nie net met dié lied nie, maar met sy hele lewe. Sy hele lewe is 'n loflied sodat ook die medegelowiges dit kan hoor en bly kan wees. Hulle is so bly dat hulle saam met Dawid die Here loof.

Dawid gaan egter verder met die loflied. Hy gee onderrig in wysheid. Uit eie ervaring getuig Dawid: Die mens wat swaarkry, kan met vertroue en verwagting opkyk na die Here en hy sal nie teleurgesteld wees nie. Die Here sal hom red.

Om met vertroue en verwagting na die Here op te kyk, moet daar egter 'n verhouding met die Here wees. So 'n verhouding is sigbaar in diens aan die Here. Diens aan die Here beteken: bly weg van kwaadpraat en kwaaddoen; doen goed - soek en jaag die vrede na. 'n Mens wat in 'n herstelde verhouding met God en sy naaste leef en vrede soek en najaag, kan op die Here se hulp staatmaak. Al word hy deur hoeveel rampe getref, die Here sal hom uit almal red.

Ook ons kan dit met volle oortuiging sê. Ons Vader het sy Seun vir ons oorgegee. Sy verlossingswerk het ons verhouding met God herstel. Nou kan ons selfs in die grootste nood die Here bly dien, want Hy is naby ons. Sy Heilige Gees gee ons deel aan Christus se opstandingskrag. En uit dank daarvoor maak ons ook 'n loflied van ons lewe tot eer van God en voordeel vir alle mense.

*Sing: Psalm 34:1,8  Ds Coen Vrey (Rustenburg-Noordoos)*